



# WAARDES EERSTE

DIE JOHNSON CONTROLS ETIESE KODE



# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

Die Johnson Controls Etiese & Nakomingsprogram . . . . .	07
Ons verantwoordelikhede . . . . .	08
Spesiale verantwoordelikhede van leiers en toesighouers. . . . .	09
Praat en kry hulp. . . . .	10
Maak slim keuses . . . . .	11

## WAARDES EERSTE EN WEN TESAME

Gesondheid en Veiligheid . . . . .	13
Respekvolle behandeling, voorkoming van teistering en boelie in die werkplek. . . . .	14
Diversiteit en insluiting . . . . .	15
Gelyke geleenthede en die voorkoming van diskriminasie . . . . .	16
Privaatheid van werknemerbesonderhede . . . . .	17

## WAARDES EERSTE EN OM TE WEN VIR KLANTE

Produkgehalte en veiligheid. . . . .	19
Eerlike bemarking, verkope en dienspraktyke . . . . .	20
Privaatheid van klantbesonderhede. . . . .	21
Nakoming van regeeringskontrakte . . . . .	22

## WAARDES EERSTE EN OM IN DIE MARK TE WEN

Nakoming van internasionale handel . . . . .	25
Billike mededinging/antitrust (mededingingsreëls) . . . . .	26
Ondersoek integriteit en etiese opsporing van mededingende intelligensie . . . . .	27
Omkopery en ander vorms van korrupsie . . . . .	28
Intellektuele eiendom van derde partye en handelsregte . . . . .	30

## WAARDES EERSTE EN OM TE WEN, VIR BELEGGERS

Botsing van belange . . . . .	32
Die hou van rekords en openbaarmaking. . . . .	36
Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting . . . . .	38
Binnhandel en die misbruik van die effektemark . . . . .	43
Verantwoordelike kommunikasie . . . . .	44

## WAARDES EERSTE EN OM TE WEN MET ONS VERSKAFFERS

Aankope . . . . .	47
Die voorkoming van misbruik in die verskaffingsketting. . . . .	48
Verskaffersverwagtinge. . . . .	50

## WAARDES EERSTE EN OM TE WEN MET ONS GEMEENSAPPE

Volhoubaarheid en omgewingsverantwoordelikhede . . . . .	52
Gemeenskapsbetrokkenheid en belegging. . . . .	53
Politiese aktiwiteit en stemming maak. . . . .	54



WAARDES EERSTE  
ELKEEN, ORAL,  
ELKE DAG

Wat ons elke dag by Johnson Controls doen maak die wêreld meer produktief, veiliger en meer volhoubaar. Om wenoplossings vir ons klante te skep is die sleutel tot oorwinning in die mark. Hoe ons dit doen is belangrik, want om te wen sonder integriteit is onbelangrik. Daarom is Integriteit Eerste die eerste onder ons waardes.

Ons waardes is die beginpunt van alles wat ons doen, waar ons dit ook al doen. Hulle herinner ons – en andere – wie ons is, waarvoor ons staan en hoe ons dinge gedoen kry. Hulle is ons inspirasie en ons gids. Dit is die rede hoekom Johnson Controls se Etiese Kode bekendstaan as “Waardes Eerste”.



WAARDES EERSTE

ONS WAARDES  
STUUR  
WENGEDRAG,  
WAT WEER  
WENUITKOMSTE  
STUUR.

#### **INTEGRITEIT EERSTE**

Ons belowe eerlikheid en deursigtigheid. Ons handhaaf die hoogste integriteitstandaarde en kom die beloftes wat ons maak na.

#### **DOELGERIG**

Ons glo daaraan om goed te vaar deur goed te doen en hou onself daarvoor verantwoordelik om die wêreld 'n beter plek te maak deur die oplossings wat ons verskaf, ons betrokkenheid by die gemeenskap, die manier waarop ons sake doen en ons toegewydheid om mense en die omgewing te beskerm.

#### **KLANTGERIG**

Ons wen wanneer ons klante wen. Ons langtermyn strategiese verhoudings verskaf vir ons unieke insigte en die vermoë om uitsonderlike klante-ervarings en oplossings te lewer.

#### **TOEKOMSGEFOKUS**

Ons kultuur van innovering en voortdurende verbetering stuur ons om vandag se uitdagings op te los, terwyl ons voortdurend vra, 'wat is volgende'.

#### **EEN SPAN**

Ons is een span wat toegewyd is om saam te werk om die doelgerigte oplossings te skep wat die wêreld vorentoe laat beweeg.



## BOODSKAP VAN DIE CEO

Geagte kollegas,

Ons lewe in 'n wêreld waarin kompleksiteit, verandering en onsekerheid daaglikse werklikhede is. Die gedagte om meer beheer te hê oor die omgewings waarin ons lewe, werk en reis is gerusstellend en bemagtigend. Hierdie gedagte het in 1883 vir Warren S. Johnson geïnspireer om die elektriese kamertermostaat uit te vind. Dieselfde fundamentele manier van dink inspireer Johnson Controls vandag: regoor die wêreld werk ons saam en innoveer ons om die wêreld veilig, gemaklik en volhoubaar te maak. Ons sien onself as 'n maatskappy wat meer doen as net dinge maak; ons maak 'n verskil.

Ons moet die groter prentjie in gedagte hou wanneer ons ons werk doen, wanneer ons met kollegas, klante en die wêreld in sy geheel omgaan. Deur dit te doen word ons herinner aan die feit dat die impak van ons individuele besluite en optredes, goed of sleg, baie groter kan wees as wat ons ooit kon dink. Die vertroue van klante en 'n reputasie vir gehalte, betroubaarheid en integriteit was nog nooit belangriker nie. Vir hierdie rede is Waardes Eerste, Johnson Controls se Etiese Kode, 'n noodsaaklike bron. Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om die Kode te ken en altyd daarvolgens te handel.

Die kode se naam is van belang; dit weerspieël die geloof dat deur prioriteit aan ons waardes te gee, ons 'n maatskappy bou wat sal standhou. Deur ons waardes in praktyk te bring bevorder ons 'n kultuur van vertroue en respek. Dit laat ons weer toe om saam te werk, te innoveer en ons beste werk te lewer sodat ons en ons klante saam kan wen.

Dankie vir alles wat julle doen om die wêreld veilig, gemaklik en volhoubaar te maak.

Die uwe,

George Oliver

*Voorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte*



# WAARDES EERSTE HOEKOM ONS WAARDES EERSTE KOM

Johnson Controls het oor 130 jaar 'n reputasie opgebou as 'n maatskappy wat vertrou kan word om sy beloftes na te kom en om waarde te lewer aan ons klante en ander belanghebbendes.

Hierdie reputasie is ons verantwoordelikheid, ongeag wat ons rol by die maatskappy is. Ons individuele keuses en optredes het 'n direkte impak op Johnson Controls se vermoë om aan klante, beleggers en ander belanghebbendes se verwagtings te voldoen. Ook al is ons 120 000 mense wat baie handelsmerke en funksies oor die wêreld ondersteun, wen ons as Een Span. Ons keuses en gedrag moet 'n kultuur van vertrou en respek ondersteun wanneer ons mekaar help om ons beste werk te doen.

Dit is die rede hoekom ons Waardes Eerste, ons Etiese Kode, het. Dit stel verwagtings vir gedrag en rig ons op die bereiking van die beste uitkomst vir onself en al ons belanghebbendes. Dit is 'n praktiese bron wat maklik is om te gebruik, wat vir ons wys hoe om ons gedeelde waardes in daad om te sit. Wanneer ons waardes die regte gedrag stuur, wen almal.



WAARDES EERSTE

WANNEER ONS  
WAARDES DIE  
REGTE GEDRAG  
STUUR, WEN  
ALMAL

**DIE JOHNSON CONTROLS  
ETIESE & NAKOMINGSPROGRAM**

*Waardes Eerste*, ons Etiese Kode, is die hoeksteen van die Johnson Controls Etiese & Nakomingsprogram. Hierdie Program is 'n geïntegreerde benadering om te verseker dat ons individuele gedrag, ons doen van sake en organisasiekultuur die hoogste standaard van integriteit handhaaf. Deur leierskapbetrokkenheid, kommunikasie, opleiding, monitering, verslagdoeningsmeganismes en ander maniere help die Etiese & Nakomingsprogram ons om etiese en nakomingsrisiko's te identifiseer en veilig te navigeer ooreenkomstig ons waardes.



WAARDES EERSTE

# ONS VERANT- WOORDELIKHEDE

By Johnson Controls moet elkeen oral bekend wees met die Etiese Kode en dit elke dag toepas – ongeag rol of senioriteit. “Dit sluit alle werknemers, beamptes en lede van die raad van direkteure in. Oortreding van die Kode is ernstig en kan tot dissiplinêre optrede lei, wat ontslag kan insluit, ooreenkomstig plaaslike wetlike vereistes.

Johnson Controls het beleide wat baie van die onderwerpe in die Kode in meerbesonderhede uiteensit. Dit is te vinde op die [Ethics & Compliance SharePoint-webblad](#).

Ons moet nie slegs die Kode en die Maatskappybeleide toepas nie, elkeen van ons het die verpligting om wette wat op ons van toepassing is na te kom. Ons het die plig om te praat as ons onseker is oor wat om te doen of 'n bekommernis het – veral as ons wangedrag sien of vermoed.





# WAARDES EERSTE SPESIALE VERANTWOORDE- LIKHEDE VAN LEIERS EN TOESIGHOUERS

Ofskoon ons almal die Kode moet toepas en 'n voorbeeld van Johnson Controls se waardes moet wees, het werknemers met leierskaps- of toesighouersverantwoordelikhede addisionele verpligtinge om:

- Spanlede te herinner en gereeld verslae te stuur oor die belangrikheid om die Kode toe te pas
- Aktief te soek vir geleenthede om die Kode en ons waardes te bespreek (byvoorbeeld gedurende spanvergaderings en individuele prestasiebeoordelings)
- Optredes van etiese leierskap te erken en te beloon en dit te koppel aan ons verlangde kultuur en sake-uitkomste
- Volg op in die proses om gevolge te bestuur van werknemers wat die Kode en/of maatskappybeleide oortree
- Dien as 'n rolmodel en demonstreer 'n persoonlike toegewydheid aan etiek en nakoming in wat ons sê of doen
- Maak seker dat ons spanne bewus is van die verskillende maniere waarop bekommernisse aangemeld kan word en dat weerwraak nie geduld sal word nie
- Teken enige bekommernisse wat onder ons aandag gebring word in die [Integriteitshulplyn](#) aan om onpartydige, professionele ondersoek te verseker
- Dring daarop aan dat nie-werknemers (soos konsultante en tydelike en ebeurlikheidswerkers) optree volgens die Kode en ons waardes



## WAARDES EERSTE PRAAT EN KRY HULP

### **PRAAT - ELKEEN SE STEM TEL**

Dikwels is die regte ding om te doen voor die handliggend. Soms mag 'n situasie kompleks of ongewoon lyk en ons mag onseker wees oor wat om te doen. Indien jy 'n bekommernis het, praat asseblief onmiddellik. Ons het nie alleen 'n plig om dit te doen nie, dit laat ons toe om vinnig duidelikheid te kry en potensieële probleme te vermy. Indien iets verkeerd gegaan het, het ons die geleentheid om dit te ondersoek en reg te stel.

### **BRONNE**

Daar is verskillende maniere om 'n etiese of nakomingsbeggernis onder die aandag te bring. Jy kan:

- Die saak met jou toesighouer bespreek
- Die saak met 'n ander toesighouer of bestuurder bespreek
- In aanraking kom met die Nakomingspan, Menslike Hulpbronne of die Regsafdeling
- Kontak Johnson Controls se 24 uur Integriteitshulplyn:
  - Via die Internet: [JohnsonControlsIntegrityHelpline.com](https://www.johnsoncontrolsintegrityhelpline.com)
  - Via die telefoon: (gaan na [JohnsonControlsIntegrityHelpline.com](https://www.johnsoncontrolsintegrityhelpline.com) of die werknemersportaal vir tolvrye nommers)

### **ZERO VERDRAAGSAAMHEID TEENOR WEERWRAAK**

Johnson Controls verbied weerwraak. Enigeen wat ter goeder trou 'n bekommernis aanmeld sal nie aan weerwraak van enige aard blootgestel word nie – dit sluit in dreigemente, teistering, vermindering van ure, ontslag of enige ander negatiewe gevolge. Weerwraak is teen ons waardes en ondermyn die vertroue wat noodsaaklik is vir ons sukses. Weerwraak is ernstige wangedrag wat sal lei tot dissiplinêre optrede wat beëindiging van indiensneming kan insluit.



## WAARDES EERSTE MAAK SLIM KEUSES

Ons waardes wys vir ons dat hoe ons ons doelwitte bereik net so belangrik is as om hulle te bereik. Die keuses wat ons maak sê baie oor ons as individue en as 'n organisasie. Ons wil bekendstaan omdat ons die regte keuses maak – keuses wat 'n kultuur en 'n maatskappy ondersteun waarop ons trots kan wees – en om op 'n etiese, wettige en verantwoordelike manier te funksioneer.

Sou jy 'n moeilike beslissing in die gesig staar, oorweeg die volgende stappe. Indien jy vashaak, kan enige van die bronne [op bladsy 10 moontlik help](#).

Wanneer jy 'n besluit of 'n optrede oorweeg, vra jouself:





WAARDES EERSTE EN  
WEN TESAME

# Gesondheid en Veiligheid



## Om almal veilig te hou

### HOE ONS WEN

Ons hou onself en andere veilig en gesond sodat ons ons volle potensiaal kan bereik.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Wanneer ons die welsyn van ons mense en besoekers ons topprioriteit maak, wen ons as 'n span. Niks is belangriker as gesondheid en veiligheid in die werkplek nie; ons Zero Skade Visie en verwante doelwitte hou ons gefokus. Om almal veilig te hou is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Ons sien om na mekaar in ons daaglikse aktiwiteite, om beserings en ongelukke te voorkom en ons neem gepaste stappe wanneer ons enigiets sien wat skade kan berokken. Om goeie veiligheidsgewoontes te beoefen beskerm ons, maak ons werkomgewing meer gemaklik en laat ons toe om te fokus op die lewering van uitsonderlike klantervarings en oplossings.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons bevorder 'n kultuur van Zero Skade deur:

- Alle veiligheidsriglyne en -prosedures te ken en toe te pas
- Nooit onnodige risiko's in die werkplek te neem nie of andere te vra om dit te doen nie
- Onmiddellik met ons werksaamhede te stop as dit onveilig raak, selfs as dit beteken dat die produksie of die werk daardeur vertraag word
- Altyd onveilige of ongesonde omstandighede of gedrag te rapporteer, soos byvoorbeeld werkplekgevaar, gebreke of vermiste toerusting, dreigemente van geweld of wapens op die maatskappy se eiendom
- Te weet wat om te doen in geval van beserings of ander noodtoestand
- Werk toe te kom sonder enige middel wat oordeel kan benadeel of veiligheid in gevaar kan stel

### DINK EERS

**V:** n Kollega op die produksielyn het my hierdie week twee keer gevra om vir hom in te staan terwyl hy vinnige, ongeskeduleerde pouses geneem het. Sy nuwe medikasie laat hom soms duiselig voel. Ek het vir hom gesê dat ek bekommerd is dat die nuwe-effekte hom en andere aan risiko kan blootstel. Hy het gesê daar is niks om oor bekommerd te wees nie – hy sou binnekort by die medikasie aangepas het. Moet ek enige optrede onderneem?

**A:** Ons is almal verplig om op te tree as ons bewus word van 'n potensiële gesondheids- en veiligheidsrisiko. Deur dit nie te doen nie oortree jy die Kode. Jy moet jou kollega aanraai om met sy toesighouer te praat, wat 'n tydelike hertoewysing van pligte kan oorweeg of dit op 'n ander manier kan akkommodeer. Jy moet vir hom sê dat indien hy die saak nie gaan aanmeld nie, jy en andere verplig sal wees om dit te doen. Ons respekteer almal se reg op privaatheid, maar veiligheid is die belangrikste.

# Respekvolle behandeling, voorkoming van teistering en boelie in die werkplek



## Die bevordering en handhawing van 'n respekvolle werkplek

### HOE ONS WEN

Ons behandel andere met respek en bevorder daardeur 'n positiewe werkomgewing waarin ons floreer as Een Span.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons werk saam as Een Span en gaan met mekaar om op maniere wat onderlinge vertroue en respek bevorder. Dit beteken professionele optrede, om openlik en met respek met andere te praat en om mekaar te ondersteun waar ons ook al kan. Op hierdie manier help elkeen van ons om ons kultuur van uitnemendheid en integriteit te vorm en te versterk. n Werkplek wat elkeen se beste pogings stimuleer en ondersteun is 'n wen-werkplek.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons handhaaf 'n respekvolle werkplek deur:

- Vertroue met kollegas en vennote te bou
- Te luister om te verstaan
- Geleenthede vir samewerking en deel te soek tot voordeel van die span
- Vooruit te dink oor hoe ons woorde en daede deur andere geïnterpreteer kan word
- Op te staan teen enige soort boeliegedrag of teistering en hulp te soek wanneer nodig
- Onvanpaste grappe, beledigings of ander aanvallende opmerkings oor ras, geslag, kleur, godsdiens, ouderdom, nasionale herkoms, gestremdheid, seksuele oriëntasie of ander eienskappe wat deur die wet beskerm word, te rapporteer
- Nooit onwelkome seksuele opmerkings of toenaderings, of die vertoon van materiaal wat ander as beledigend kan ervaar, te maak, te doen of te duld nie
- Enige onvanpaste gedrag, of dit jou of iemand anders teiken, te rapporteer

### DINK EERS

**V:** My nuwe toesighouer is baie nuuskierig en ekstrovert. Sy het my allerhande ondersoekende vrae gevra oor my persoonlike lewe, wat my ongemaklik maak. Sy mag miskien dink sy is vriendelik, maar haar gespreksonderwerpe laat my verleë voel. Ek het haar gevra om daarmee op te hou, maar sy het gesê ek is te gespanne en hardop gewonder of ek enigsins in die span pas. Ek wil nie op 'n slegte voet met my toesighouer begin nie, maar sy maak my senuweeagtig. Wat kan ek doen?

**A:** Hierdie toesighouer se gedrag is ongevraag en onaantwoordbaar en daar is nie plek vir sulke gedrag by Johnson Controls nie. Indien jy gemaklik daarmee is, sê vir jou toesighouer hoe sy jou laat voel en vra haar om daarmee op te hou. Indien jy nie jou toesighouer weer wil konfronteer nie kan jy met 'n meer senior bestuurder praat of met jou Menslike Hulpbronne-vertegenwoordiger, of skakel die [Integriteitshulplyn](#). Enige van hierdie opsies sal ons help om die saak op te los. Jy sal beskerm word teen enige weerwraak.

# Diversiteit en insluiting



## Die heg van waarde aan ons diverse talente, agtergronde en perspektiewe

### HOE ONS WEN

Ons maak die meeste van ons diverse talente, agtergronde en perspektiewe vir uitsonderlike insigte en innovering.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Johnson Controls trek, ontwikkel en bemagtig individue met 'n wye omvang van ervarings, vermoëns en menings. Die heg van waarde aan wat elkeen van ons uniek maak, verbreed ons perspektiewe en stimuleer nuwe idees. Ons diversiteit laat ons toe om ons probleme meer kreatief op te los, meer deurdagte besluite te neem en geleenthede meer proaktief te identifiseer. Wanneer almal voel dat hulle kan bydra tot en kan deelneem aan ons sukses, dan trek ons werknemers, klante en beleggers almal voordeel daaruit.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons bewerkstellig 'n diverse en inklusiewe kultuur deur:

- Aktief te soek na alternatiewe menings en benaderings
- Met respek na ander te luister sodat ons gedagtes en idees wat anders as ons s'n is kan oorweeg en voordeel daaruit trek
- Mense billik te behandel en gelyke geleenthede aan werknemers te gee, gebaseer op hulle kwalifikasies en vaardighede
- Terugvoering van andere te vra en ontvanklik te wees daarvoor

### DINK EERS

**V:** Ek is een van slegs drie vroue in my span. In weeklikse spanvergaderings is dit redelik duidelik dat my manlike toesighouer die idees en menings van my manlike kollegas verkies, en hy ondermyn my en die ander vroue soms openlik. Ons voel verkleineer en dat ons nie die kans kry om te bewys wat ons kan doen nie. Ek is bevrees dat om die saak met my toesighouer te bespreek slegs sy vooroordele teenoor vroue sal bevestig. Hoe kan ek 'n verandering bewerkstellig wat almal in die span sal toelaat om by te dra?

**A:** By Johnson Controls bevorder ons 'n diverse en inklusiewe omgewing waarin almal kan bydra tot ons sukses. Enige vorm van geslagsvooroordeel weerspieël nie ons waardes nie en ook nie die kultuur wat ons wil skep nie. Oorweeg dit om aan jou toesighouer vir spesifieke redes te vra hoekom jou idees nie oorweeg word nie. As dit nie die saak oplos nie, praat met 'n meer senior bestuurder of gebruik enige van die ander beskikbare bronne om bekommernisse aan te meld, soos om met Menslike Hulpbronne te praat of deur die [Integriteitshulplyn](#) te skakel.

# Gelyke geleenthede en die voorkoming van diskriminasie



## Ondersteuning en bevordering van ons mense.

### HOE ONS WEN

Ons trek talentvolle mense, ontwikkel hulle potensiaal en stel hulle in staat om sukses te behaal.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons stel die bestes en die slimstes aan en bevorder hulle. Ons baseer indiensnemingsbesluite op kwalifikasies, aspirasies en prestasie, nooit op vooroordeel nie. Om aan elkeen 'n billike kans te gee is die regte ding om te doen. Ons duld nie diskriminasie op grond van ras, kleur, godsdiens, nasionale herkoms, geslag, of jy verwagting is, ouderdom, gestremdheid, seksuele oriëntasie, gender-identiteit, militêre diens of enige ander status wat deur die wet beskerm word nie.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons trek, ontwikkel en behou uitstaande werknemers deur:

- Mense billik te behandel en te fokus op die waarde wat hulle na Johnson Controls bring
- Besluite te neem oor werwing, opleiding, bevorderings en dissipline gegrond op meriete
- Gestremdes so redelik moontlik te akkommodeer
- Geen verskonings vir diskriminasie te aanvaar nie – daar is geen nie


### DINK EERS

**V:** Ek het gehoor dat my toesighouer sê dat hy geen ouer mense in sy span wil hê nie. Hy sê hy diskrimineer nie – hulle kan net nie byhou by ons produksiespoedvereistes nie. Is hy reg?

**A:** Nee, hy is nie. Veralgemenende oortuigings of uitsprake oor 'n persoon of groep van mense gebaseer op ouderdom of ander persoonlike eienskappe is onvanpas en strook nie met die waardes en kultuur wat ons bevorder nie. Dit mag ook lei tot diskriminerende optredes. Almal behoort beoordeel te word op hulle vaardighede en prestasie. n Werkomgewing waar elkeen billik behandel word help om 'n vertrouende, gemotiveerde en hoogspresterende kultuur te verseker.



# Privaatheid van werknemerbesonderhede



## Die beskerming van persoonlike inligting

### HOE ONS WEN

Ons beskerm die persoonlike inligting van ons werknemers, kandidate, verskaffers en klante.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Johnson Controls moet persoonlike inligting inwin, stoor, gebruik en deel om ons te help om die besigheid te bedryf. Ons benodig hierdie persoonlike inligting vir verskillende doeleindes, insluitend ons sakeverhoudings met klante en verskaffers, die administrering van werknemervoordele en nakoming van wetlike vereistes. Johnson Controls respekteer 'n persoon se reg op privaatheid. Persoonlike inligting in die verkeerde hande kan gebruik word om individue te identifiseer, identiteite te steel of bedrog te pleeg. As Een Span sien ons na mekaar om – in die werkplek en aanlyn.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons beskerm persoonlike inligting deur:

- Die insameling, prosessering en gebruik van persoonlike inligting slegs vir gewettigde sakedoeleindes te gebruik en deur slegs dit in te samel wat daarvoor benodig word
- Oop en deursigtig te wees oor hoekom en hoe persoonlike inligting ingesamel, geprosesseer en gebruik word
- Nooit méér inligting te deel as wat benodig word nie, of om dit te deel met enigiemand wat glad nie die sakebehoefte het om dit te weet nie
- Persoonlike inligting wat ons beheer te beskerm en veilig daarvan ontslae te raak wanneer dit nie langer vir die oorspronklike doel benodig word nie
- Alle toepaslike privaatheidswette en ons [Privaatheidsbeleid na te kom](#)

### DINK EERS

**V:** n Vriendin in my span het onlangs 'n baba gehad. Ons spanleier wil blomme stuur namens die maatskappy en ek dink dit is 'n goeie idee. Sedert hy weet dat ons vriende is en naby mekaar woon, het hy vir my vriendin se huisadres gevra. Ek voel ongemaklik om vir hom die huisadres te gee sonder om eers vir my vriendin se toestemming te vra. Maar ek wil nou ook nie die verrassing bederf nie, dus wat moet ek doen?

**A:** Ons neem die beskerming van persoonlike inligting ernstig op, of dit nou aan werknemers, klante of ander besigheidsvennote behoort. Ons het almal die verantwoordelikheid om dit te beskerm en net toe te laat dat dit gebruik word vir gepaste doeleindes en deur mense wat die magtiging het om dit te gebruik. Om persoonlike besonderhede in die verkeerde hande te laat beland kan slegte gevolge hê, en kan potensieel identiteitsdiefstal en ander misdade tot gevolg hê. Sê vir jou spanleier dat jy sal verkies dat hy die reëlings tref in oorleg met julle span se Menlike Hulpbronnoot.



WAARDES EERSTE EN  
OM TE WEN VIR KLANTE

# Produkgehalte en veiligheid



## Lewering van uitstaande produkte en oplossings

### HOE ONS WEN

Ons fokus op die lewering van die hoogste waarde vir ons klante deur veilige, innoverende produkte en oplossings.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons wil klante hê wat op die lang termyn by ons bly, klante wat vertrou dat ons hulle behoeftes verstaan, antisipeer en beter in hulle behoeftes voorsien as ons mededingers. Ons is nooit selfvoldaan nie, soek altyd vir nuwe en beter maniere om klantgerig te wees. Soos ons voortgaan om te innoveer, kompromiteer ons nooit die gehalte of veiligheid van ons produkte en dienste nie.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons lewer uitnemendheid aan ons klante deur:

- N Omgewing te skep wat gehalte en innovering vir ons produkte en oplossings bevorder
- Nooit kortpaaie te neem wat potensieel die gehalte of die veiligheid van ons produkte en oplossings in die gedrang sal bring nie
- Te vra vir terugvoering van ons klante en daarna te luister
- Bekommernise oor produkteveiligheid of gehalte onmiddellik te rapporteer

### DINK EERS

**V:** Ek was onlangs betrokke by die herontwerp van 'n produk. Die proses het langer as 'n jaar geneem om te voltooi en die resultaat is, wat ons glo, die mees tegnologies gevorderde produk in sy kategorie. Ek is egter bekommerd dat ek moontlik 'n ontwerpfout geïdentifiseer het wat, in sekere omstandighede, die produk laat kortsluit en 'n brand kan veroorsaak. Ek het dit aan my bestuurder genoem. Hy het my verseker dat die risiko nietig is en dat ons nie moet raai ná 'n baie volledige toetsingsproses nie. Dit pla my want iemand kan seerkry. My bestuurder wil die saak nie verder bespreek nie. Met wie kan ek praat?

**A:** Veiligheid is 'n kritieke saak vir ons – wanneer ons produkte ontwerp of bou en na hulle die fabriek verlaat het. Jy moet óf met 'n senior bestuurder in die Ingenieurspan praat, óf die Nakomingspan, jou plaaslike Gesondheid- en Veiligheidsvertegenwoordiger, óf 'n lid van die korporatiewe Gesondheid en Veiligheidsspan skakel óf 'n verslag indien by die [Integriteitshulplyn](#). Op die manier kan jou bekommernis behoorlik geëvalueer word en ge-eskaleer word indien nodig.

# Eerlike bemarking, verkope en dienspraktyke



## Eerlike bemarking en verkope

### HOE ONS WEN

Ons praat met vertroue en eerlik oor die waarde wat ons vir klante bring en dit bou vertroue in ons handelsmerk.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Johnson Controls plaas integriteit eerste. Ons belowe eerlikheid en deursigtigheid aan almal met wie ons sake doen. Om besigheid te wen en klante se vertroue te verdien begin met hoe ons ons oplossings in die mark aanbied. Ons wys hoe ons waarde toevoeg op 'n duidelike en eerlike manier, en ons maak ons beloftes waar.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons bied ons handelsmerk met vertroue en eerlikheid aan deur:

- Die vermoëns van ons produkte en dienste akkuraat aan te bied
- Seker te maak dat bemarkingsmateriaal en kontrakte aan wetlike en regulatoriese vereistes voldoen
- Te fokus op die voordele van ons oplossings, en nie die mededingers onregverdig te kritiseer nie
- Hoëdruk-verkooptegnieke en "oorverkoop" te vermy
- Die regte gesaghebbende te bekom om transaksies te finaliseer en kontrakte te teken
- Tydig op klientenavrae en -bekommernisse te reageer

### DINK EERS

**V:** By 'n onlangse verkopevergadering het my kollega die voornemende koper se tegniese vraag korrek beantwoord, maar, volgens my, nie volledig nie. Ek wou nie my kollega teëpraat in bysyn van die klant nie maar het haar agterna in die taxi uitgevra. Sy het gesê, "Wat ek aan die klant aangebied het was korrek en die bietjie wat ek vergeet het om te noem is nie van belang vir hulle besluit nie. Aangesien hulle gesê het ons is op die kortlys, kan ons dit altyd by die volgende vergadering opklaar." Ek voel dat ons nie moet wag nie en seker moet maak dat die klant volledig ingelig is.

**A:** Jou instink is reg. Wanneer ons ons produkte en oplossings op die mark aanbied moet ons die volledige prentjie skilder sodat klante en voornemende klante 'n volledig ingeligte besluit kan neem. Om terug te gaan om die punte te verduidelik is 'n goeie manier om die klant se respek en vertroue te wen. Die klant moet besluit wat belangrik vir hom is. Indien ons iets verkoop wat op 'n misverstand gebaseer is, loop ons die risiko om nie slegs 'n sakeverhouding te benadeel nie, maar ook ons reputasie.

# Privaatheid van klantbesonderhede



## Die behoud van die klant se vertrou

### HOE ONS WEN

Ons beskerm die persoonlike inligting wat ons klante aan ons toevertrou.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Om klantgerig te wees bestaan uit meer as die nakoming van beloftes en die voldoen aan verwagtings. Die kern gaan daarvoor om die klant se vertrou te wen deur te wys dat ons na hulle, sowel as ons eie, belange omsien. Vertroulike inligting is vir die klante net so belangrik as vir ons; die ongemagtigde gebruik of openbaarmaking daarvan kan ernstige finansiële en reputasieskade inhou. Ons tref maatreëls om die vertroulike inligting wat aan ons toevertrou is, te beskerm.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons behou klantvertrou deur:

- Met klante se vertroulike inligting net so versigtig te wees as met ons eie
- Gepaste sekerheidsmaatreëls in te stel om klante se inligting te beveilig
- Klante se vertroulike inligting net beskikbaar te stel aan diegene wat daartoe gemagtig is en 'n besigheidsrede het om dit te weet
- Vertroulike klantinligting met niemand buite ons maatskappy te deel nie tensy die klant toestemming gegee het
- Aan te neem dat inligting vertroulik is tensy en wanneer ons anders bevestig
- Toepaslike privaateidswette en ons eie [Privaateidswet na te kom](#)
- Die Nakomingspan of die Regsafdeling onmiddellik te laat weet indien ons weet of vermoed dat klantinligting onbewustelik op enige manier verkeerd hanteer is

### DINK EERS

**V:** Gedurende die 10 jaar by Johnson Controls het ek met baie groepe gewerk en sterk verhoudings regoor die maatskappy gevorm. n Vriend van my het my onlangs gevra om vir hom 'n lys met klante se e-posadresse te stuur sodat hy 'n nuwe diens beter kan bemark. Ek weet ons is Een Span en ek wil my vriend help; ek is net nie seker of ek hierdie inligting moet deel nie, selfs nie intern nie. Hoe moet ek hierdie versoek hanteer?

**A:** Om as Een Span te werk beteken om maniere te vind om regoor ons organisasie saam te werk, en dit beteken ook die deel van verantwoordelikhede om ons wetlike en etiese verpligtinge na te kom. Dit sluit die verpligting in om klantinligting te beskerm, waarvan baie vertroulik is. Indien sulke inligting vrygestel word sonder toestemming kan dit potensieel in die verkeerde hande beland en 'n risiko vir die klant en ons reputasie inhou. Moenie die gevraagde inligting deel nie en herinner jou vriend daaraan dat klante op ons staatmaak om hulle inligting slegs te gebruik vir die doeleindes waarvoor hulle dit gegee het; ons benodig hulle toestemming voordat ons dit vir ander doeleindes gebruik.

# Nakoming van regeringskontrakte



## Eerbiedig spesiale verpligtinge teenoor ons regeringsklante

### HOE ONS WEN

Ons beskou dit as 'n voorreg om ons regeringsklante te bedien en doen moeite om ons spesiale verpligtinge teenoor hulle na te kom.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons is klantgerig. Ons erken dat regeringsklante dikwels ander vereistes het as klante in die private sektor. Ons moet goed op hierdie vereistes let en dit presies navolg. Dit sal verseker dat ons fokus op dit wat belangrik vir ons klante is en boetes vermy wat ons besigheid of reputasie skade kan berokken.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons toewyding om regeringsklante te bedien wys ons deur:

- Bekend te wees met die kritieke vereistes van ons regeringskontrakte
- Die nakoming van alle toepaslike wette vir kontrakte met regerings en vir die uitvoer van produkte of data, asook van ons [Federale Regering se kontrakbeleid](#)
- Die reëls te volg wanneer ons huidige of vorige regeringswerknemers aanstel of met hulle werk
- Presies te weet hoe en wanneer om te reageer op regeringsversoeke vir inhoud
- Bedag te wees op inligting wat geklassifiseer is of ander spesiale beperkings het
- Te verseker dat elke dokument of kommunikasie akkuraat en eerlik is
- Waar benodig, huidige, akkurate en gesertifiseerde koste- of prysinligting te gebruik wanneer voorstelle ingedien word
- Die ontvangs van ongemagtigde inligting oor ons mededingers te vermy

### DINK EERS

**V:** Ek bestuur die verkryging vir die Federale Regeringskontrakte Ek het sopas ontdek dat, 'n paar maande gelede, 'n verskaffer 'n klein verandering aangebring het aan die spesifikasie van 'n komponent wat in produkte gebruik word wat aan regeringsklante verkoop word. Die verskaffer het my meegedeel dat ons nie oor die verandering ingelig is nie omdat dit so klein was en, bes moontlik, die komponent verbeter het. Ek is egter bekommerd dat onlangse verskeppings na ons klante nie die relevante regeringskontrakte nakom nie weens hierdie verandering.

**A:** Jy is reg om bekommerd te wees. Wanneer ons met regeringsklante werk moet ons die kontrakvereistes presies nakom. Indien ons dit nie doen nie – selfs op 'n manier wat nietig en sonder gevolge lyk, of selfs 'n verandering wat ons dink die item verbeter – kan die gevolglike skending van die kontrak nie net lei tot finansiële straf nie maar, potensieel, ook tot die risiko om onthef te word van regeringswerk, of selfs verbied word om regeringswerk te doen. Die saak moet onmiddellik aan die Regsafdeling gerapporteer word vir advies oor hoe om voort te gaan, want dit mag openbaarmaking aan die regering vereis.

# Nakoming van regeringskontrakte



## HOEKOM REGERINGSKONTRAKTE SPESIALE VEREISTES HET

Die regering van lande wat ons bedien het wette wat ontwerp is om te help verseker dat: openbare geld gepas bestee word; regeringaankope en kontrakteringsprosesse deursigtig, eerlik, verantwoordelik en konsekvent bestuur word; en dat nasionale sekerheid en die openbare belang beskerm word.

Baie van ons regeringkontrakte is met die Federale Regering van die Verenigde State. Voorbeelde van wette en regulasies wat komplekse en streng vereistes op hierdie kontrakte plaas, sluit in:

- **Federal Acquisition Regulation (FAR)** (Federale verkrygingsregulasie) wat die manier waarop regeringagentskappe goedere en diense aankoop of huur, beheer
- **Defense Federal Acquisition Regulation Supplement (DFARS)** (Federale verkrygingsregulasiebylaag vir verdediging) hanteer die verdedigingsbedryf se verkrygingsbehoefes
- **International Traffic in Arms Regulations (ITAR)** (Internasionale handel in wapens-regulasies) beheer die uitvoer en invoer van verdedigingsverwante artikels en dienste



WAARDES EERSTE EN  
OM IN DIE MARK TE WEN



# Nakoming van internasionale handel



## Om wêreldwyd besigheid te doen

### HOE ONS WEN

As 'n maatskappy wat internasionaal werksaam is, kom ons alle handelsregulasies en -beperkings wat op ons van toepassing is, na.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons is trots daarop dat ons klante en bedrywighede in baie lande regoor die wêreld het. Ons pas die wette wat oral waar ons besigheid doen van toepassing is, toe, asook die wat internasionale handel beheer. Vir nasionale sekerheid, politieke of ekonomiese redes mag regerings die invoer en uitvoer van sensitiewe toerusting en data beheer; hulle mag ook besigheid met sekere groepe, individue of lande beperk. Nakoming van handelsregulasies voorkom nie net swaar boetes, verlies van permitte en tronkstraf nie, dit help ook om die wêreld 'n veiliger plek te maak.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons doen ons besigheid regoor die wêreld verantwoordelik deur:

- Maatskappybeleide en prosedures wat ontwerp is om handelsregulasies te hanteer, na te kom, insluitend ons [Handelsnakomingsbeleid](#)
- Nie doelbewus te bemark, te verkoop of dienste te verskaf aan enigeen op die VS, EU of ander toepaslike embargo- of sanksielys nie
- Alle kontraktuele of wetlike beperkings op toegang tot klanterligting na te kom
- Risiko-assesserings en omsigtigheidsondersoeke ('due diligence') van derde party-organisasies met wie ons van plan is om besigheid te doen, uit te voer
- Die Regsafdeling in kennis te stel indien enige klante, verskaffers of andere ons vra om aan 'n boikot deel te neem

### DINK EERS

**V:** Ek weet dat Johnson Controls altyd op soek is na potensiële nuwe markte vir ons produkte en oplossings. 'n Oorsese verspreider het my onlangs gekontak om te sê dat hy navrae ontvang oor 'n produklyn wat ons nog nie voorheen in daardie deel van die wêreld verkoop het nie. Ek is bewus daarvan dat daar soms beperkings is oor waar ons produkte kan verkoop en op die gebruike daarvan. Ek het vir die verspreider gevra om 'n paar vrae te beantwoord om te verstaan wie die beoogde eindgebruiker is en wat die eindgebruik is. Sy antwoorde was vaag en dit het gelyk asof hy my bekommernisse bagatelliseer. Ek glo nie hy het die potensiële risiko's verstaan nie. Wat moet ek doen?

**A:** Dit was slim van jou om internasionale handelsnakoming te berde te bring. Dit is belangrik om enige markgeleentheid oorsee na te gaan vir hierdie soort risiko's. Jy moet aangaan met jou navrae aan die verspreider, want ons sal nie die produkte kan verskaf sonder 'n volledige beeld van die beoogde eindgebruiker en eindgebruik nie. Eskaleer ook die potensiële internasionale handelskwessies na bestuur, die Handelsnakomingspan of die Regsafdeling vir advies.

# Billike mededinging/antitrust (mededingingsreëls)



## Om billik sake te doen

### HOE ONS WEN

Ons ding sterk en regverdig mee, vaar beter as ons mededingers deur superieure gehalte en waarde.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons glo in 'n vrye en mededingende mark. Dit lewer vir ons die beste geleentheid om die Johnson Controls- handelsmerk te onderskei. Omdat ons klantgerig is en die beste-in-die-klas-diens lewer, vaar ons beter as ons mededinging en bou ons 'n langtermynvertroue in ons handelsmerk. Die wette wat daargestel is om vrye markte te bevorder – bekend as antitrust-wette in die Verenigde State en billike mededingingswette in die meeste ander lande – is kompleks; oortreding daarvan kan tot ernstige straf lei. Ons erken dat selfs die skyn van onregverdigheid of wanvoorstelling in ons mededingende praktyke ons reputasie skade kan aandoen en ons kan blootstel aan wetlike aanspreeklikheid.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons wen besigheid op die korrekte manier deur:

- Formele en informele ooreenkomste of gedragspatrone met mededingers te vermy om:
  - N Sekere prys vir 'n diens te hef (prysvasstelling)
  - N Tenderproses te manipuleer (bid rigging)
  - Markte op te deel volgens geografie of klant (marktoewysing)
- Eerlike en akkurate aanbieding van ons waardeproposisie sonder oordrywing
- Nooit onbehoorlik in te meng met ons klante se bestaande besigheidskontrakte nie
- Lees en verstaan die [Global Antitrust Fair Competition Policy \(Globale Antitrust Billike Mededingingsbeleid\)](#)
- Nooit ons markaandeel-posisie te misbruik nie

### DINK EERS

**V:** ■ Terwyl ek by vanjaar se MetroExpo vir die paneelbespreking gewag het, raak ek in gesprek met 'n mededinger se verkopedirekteur. Hy het gevra of ek opgemerk het dat die fasiliteite-aankoopbeampte in 'n groot stad wat ons albei ondersteun, besonder moeilik is om sake mee te doen; hy het gespekuleer oor wat sou gebeur indien maatskappye soos ons s'n sou weier om sake met die stad te doen. Om oor 'n gesamentlike klant te gesels het my ongemaklik laat voel, so ek het gemaak asof ek 'n telefoonoproep moes neem en na 'n sitplek aan die ander kant van die ouditorium geskuif. Hoe moes ek gereageer het?

**A:** ■ Jy was reg om die gesprek te beëindig. Dit sou ook wys wees om jou bekommernis so gou as moontlik na die Regsafdeling te verwys. Handelstentoonstellings en verenigingvergaderings is belangrike plekke vir ons om te leer en om aktueel in ons bedryf te bly. Interaksie met mededingers by sulke geleenthede kan egter deurspek wees met risiko's vir oortreding van die wet op mededinging. 'n Gesprek met 'n mededinger oor die boikot van 'n gesamentlike klant, kan gesien word as 'n poging om 'n onwettige ooreenkoms te sluit om maatskappye van 'n sekere mark uit te sluit of om druk te plaas op 'n sekere klant om "gehoorsaam" te wees.

# Ondersoek integriteit en etiese opsporing van mededingende intelligensie

## Om slim sake te doen

### HOE ONS WEN

Ons hou onself op hoogte van markneigings en -geleenthede deur etiese navorsing.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Die monitering van ontwikkelings in ons markte om die mededingende landskap te verstaan, help ons om voortdurend te verbeter en ons klante se behoeftes te antisipeer. Ons plaas integriteit eerste en samel inligting oor mededingers altyd eties in.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons samel mededingende intelligensie gepas in deur:

- Eerlik te wees oor ons identiteit wanneer ons navrae doen
- Nie derde partye te gebruik vir handeling wat ons nie self sal doen nie
- Nie vir kollegas (of voornemende werknemers) te vra vir vertroulike inligting oor hulle vorige werkgewers nie

### DINK EERS

**V:** Ek werk in sake-ontwikkeling en ek is in die proses om 'n tendervoorstel vir 'n groot projek te onderhandel en te finaliseer. Vandag het ek 'n e-pos ontvang van 'n voornemende klant se verkrygingsbestuurder en, per ongeluk, het sy ons mededinger se voorstelle aangeheg in plaas van my prysvoorstel. Ek het opgemerk dat die mededinger se prys 25 persent laer was as ons aanbod. Ek wil ons tenderprys verlaag om die mededinging te wen. Kan ek dit doen?

**A:** Nee. Ons waarde van Integriteit Eerste vereis van ons om mededingende intelligensie wettig en eties in te samel. Om hier voordeel te trek uit die klant se fout sal hulle vertroue ondermyn. Indien dit ooit in die openbaar bekend sou word dat ons voordeel uit 'n klant getrek het op hierdie manier, kan dit ons reputasie vir eerlikheid en billik sake doen op die spel plaas en ons kan selfs die kontrak verloor. In plaas daarvan om hierdie inligting te gebruik moet jy die klant inlig oor die fout en vir haar sê dat jy die e-pos en aanhangsel sal uitvee. Jy moet ook die Regsafdeling oor die fout in kennis stel om gepaste dokumentasie te verseker en voortgaan om op die sterk punte van jou oorspronklike voorstel te fokus. Onthou, 'n goeie wenk vir hoe mededingende intelligensie hanteer moet word, is om te dink hoe dit sou voel as 'n mededinger dit aan ons sou doen.

# Omkopery en ander vorms van korrupsie



## Om eerlik sake te doen

### HOE ONS WEN

Ons wen en behou besigheid op sterkte van ons waardeproposisie en deur verhoudings te bou wat gebaseer is op deursigtigheid en vertroue.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Deur integriteit eerste te plaas versterk ons ons reputasie as 'n vertroubare en betroubare sakevennoot. Ons stel nie daarin belang om besigheid te "koop" nie, ook nie om besigheid te doen met diegene wat korrupte praktyke aanmoedig en duld nie. Korrupsie benadeel gemeenskappe, verwing die mark en maak dit vir almal moeiliker om besigheid te doen. Ongeag plaaslike gewoontes of die praktyke van ander maatskappye, weerstaan ons korrupsie in al sy vorms. Ons vermy ook die skyn van onbehoorlike optrede, of ons nou met regeringsamptenare of privaat ondernemings sake doen.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons is sterk gekant teen omkopery en ander vorms van korrupsie deur:

- Nooit enigiets van waarde aan 'n regeringsamptenaar of enigiemand anders aan te bied, te belowe of te gee met die doel om 'n besigheidsvoordeel te bekom nie
- Omkoopgeld of smeergeld te weier en die Nakomingsafdeling in kennis te stel sou hulle aangebied word
- Akkurate en volledige rekords te hou sodat alle betalings eerlik beskryf word en maatskappygeld nie vir onwettige doeleindes gebruik word nie
- Deur toepaslike noulettendheidsondersoeke op al ons derdeparty-verskaffers uit te voer
- Deur nie 'n agent of ander derde party te gebruik om onbehoorlike betalings te doen wat ons nie sêlf sou gedoen het nie
- Deur ons [beleid oor reis, geskenke en vermaak aan of van derde partye](#) en [beleid teen korrupsie](#) ywerig te volg
- Deur enige kommer oor 'n potensieel onbehoorlike betaling te rapporteer

# Omkopery en ander vorms van korrupsie



## DINK EERS

**V:** My span tender vir 'n groot stedelike herontwikkelingsprojek in 'n ontwikkelende mark. Alhoewel ons nie 'n vennoot nodig het om met die projek suksesvol te wees nie, beveel die stadsraad se verkrygingsbeampte sterk aan dat ons met 'n plaaslike maatskappy vergader om te bespreek om hulle as ons subkontraakteur te gebruik. Dit lyk of die uitvoerende hoof van daardie maatskappy en die stadsraadampenaar familie van mekaar is. Moet ons met die vergadering voortgaan?

**A:** Daar is waarskuwingstekens van korrupsie hier. Die een is die voorstel dat ons besigheid sal wen in ruil daarvoor om 'n subkontraakteur met noue bande met die stadsraadampenaar te gebruik, en die ander is die feit dat ons nie 'n subkontraakteur nodig het om produkte en dienste aan hierdie klant te voorsien nie. Korrupsie kan baie vorms aanneem en behels nie altyd direkte omkoopgeld aan 'n staatsampenaar nie. In hierdie situasie moet u die verkrygingsbeampte in kennis stel dat die aanbevole subkontraakteur nie nodig is nie, en u moet die vergadering vriendelik van die hand wys. Indien u enige kommer het, gesels met die nakomingsafdeling of regsafdeling.

## IS DIT KORRUPSIE?

Korrupsie kan baie vorms aanneem en ons moet waaksaam wees vir die gevaartekens. Dit sluit ander partye in:

- Deur te weier om tot ons wêreldwye verskafferstandaarde in te stem
- Deur beswaar te maak teen kontrakvereistes teen korrupsie
- Deur noue bande met regeringsampnare te handhaaf
- Deur ongewoon hoë kommissies, betalings per kontant, of betalings na rekeninge in iemand anders se naam te versoek
- Deur twyfelagtige kwalifikasies aan te bied om die vereiste dienste uit te voer
- Deur 'n reputasie te hê vir twyfelagtige besigheidspraktyke

# Intellektuele eiendom van derde partye en handelsregte



## Ons doen besigheid met respek

### HOE ONS WEN

Ons respekteer andere se intellektuele eiendom en kommersiële regte, want ons wil hê hulle moet ons s'n respekteer.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons respekteer andere se intellektuele eiendom en kommersiële regte. Ons neem nie erkenning vir of steel nie enige idees wat nie deur ons geskep is nie. Ons verstaan dat die gebruik van andere se beskermd regte sonder toestemming teen die wet is, en dat dit ons aan regspraaklikheid kan blootstel.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons doen besigheid met respek, deur die volgende:

- Deur die idees, prosesse en werke wat andere geskep het, te respekteer, en nie op hul beskermd regte inbreuk te maak nie
- Deur derdeparty-bates, bv. sagteware, musiek, video's en teksinhoud, slegs met toestemming en volgens die toepaslike lisensies te gebruik
- Deur slegs sagteware en prosesse te gebruik wat deur ons maatskappy goedgekeur is
- Deur die toepaslike wette oor intellektuele eiendom na te kom



WAARDES EERSTE EN  
OM TE WEN, VIR BELEGGERS

# Botsing van belange



## Ons tree op in die maatskappy se belang

### HOE ONS WEN

Ons neem slim, objektiewe besluite wat die maatskappy en ons klante voorop stel.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons werk saam om vir ons klante te wen. Ons laat nie toe dat persoonlike belange of verhoudings in die pad staan van wen as één span nie. Ons neem besluite openlik, nadenkend en met integriteit; dit is tot voordeel van ons besigheid en wys vir almal dat ons vertrou kan word om die regte ding te doen.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons tree in die belang van die maatskappy op deur die volgende:

- Deur onbevooroordeelde besigheidsbesluite te neem wat gegrond is op relevante feite en goeie oordeel
- Deur situasies te vermy waarin 'n besluit moontlik beïnvloed kan word (of waar dit kan lyk of dit beïnvloed word) deur teenstrydige belange (bv. 'n potensiële persoonlike voordeel)
- Deur 'n belangebotsing wat nie vermy kan word nie, bekend te maak, sodat dit behoorlik hanteer kan word
- Deur advies te probeer kry wanneer ons onseker is of daar 'n probleem is

### WAT IS 'N BELANGEBOTSING?

'n Belangebotsing bestaan wanneer daar 'n risiko is dat sosiale of familieverhoudings, aktiwiteite buite die werkplek, finansiële beleggings of ander persoonlike belange kan inmeng met ons vermoë om onbevooroordeelde besluite namens die maatskappy te maak. Ons moet versigtig wees om selfs die voorkoms van 'n belangebotsing te vermy, aangesien dit andere kan laat dink dat ons onbehoorlik optree.

### VRA USELF AF:

Kan my voorgestelde besluit of optrede...:

1. My verplig teenoor iemand anders laat voel?
2. Teenstrydig met Johnson Controls se waardes wees?
3. Beïnvloed word (selfs 'n bietjie) deur persoonlike of familieoorwegings?
4. Die voorkoms gee dat ek nie die maatskappy se belange voorop stel nie?

Indien die antwoord op enige van die vrae "ja" of "miskien" is, is dit belangrik om raad te soek deur die [bronne op bladsy 10 te gebruik](#). Indien u vermoed dat u 'n belangebotsing het, moet u dit bekend maak by [ComplianceForms.jci.com](http://ComplianceForms.jci.com).

Belangebotsings kan baie vorms aanneem. Die volgende riglyne dek sekere van die meer algemene situasies. Kyk ook ons [beleid oor belangebotsings](#).



# Botsing van belange



## Familie en vriende

Ons laat nie toe dat die begeerte om vriende en familie te help, ons besluite by die werk beïnvloed nie.

Ons vermy die risiko dat persoonlike verhoudings ons objektiwiteit beïnvloed, deur die volgende:

- Deur nie nabye vriende en familielede aan mekaar te laat rapporteer of in dieselfde afdeling te laat werk nie, hetsy as werknemers, proefwerkers of kontrakteurs
- Deur indiensname-verwante besluite wat oor nabye vriende en familielede gaan, deur andere te laat hanteer (bv. indiensneming, bevordering en dissipline)
- Deur stappe te doen om deursigtigheid en onafhanklikheid te verseker wanneer nabye vriende of familielede as potensiële Johnson Controls-diensverskaffers oorweeg word
- Deur sorgvuldigheid na te dink oor besluite om voormalige Johnson Controls-werknemers as konsultante, kontrakteurs of verskaffers te gebruik

## Persoonlike en familiebeleggings

Ons besluite word nie beïnvloed deur die vooruitsig van finansiële wins vir onself of ons familielede nie.

Ons hou persoonlike finansiële oorwegings buite besigheidsbesluite deur die volgende:

- Deur nie 'n beduidende\* finansiële belang in 'n besigheid te besit wat aan Johnson Controls verbind is of met Johnson Controls meeding nie
- Deur aan die nakomingsafdeling bekend te maak wanneer 'n nabye familielid by 'n besigheid wat aan Johnson Controls verbind is of met Johnson Controls meeding, werk, of 'n beduidende\* finansiële belang daarin besit

\*Vir leiding oor 'n vraag of 'n finansiële belang beduidend is, raadpleeg die nakomingsafdeling.

## Geskenke en gasvryheid

Ons verkry besigheid en bou verhoudings op grond van vertroue en wedersydse waarde – nooit deur onvanpaste geskenke of gasvryheid nie.

Ons vermy potensiële botsings oor die gée van geskenke en gasvryheid deur die volgende:

- Deur redelike maaltye en vermaak te bied, slegs as deel van besigheidsbesprekings, en slegs as dit nie die ontvanger se maatskappy se beleid oortree nie
- Deur nie geskenke of vermaak te gee of te ontvang met die bedoeling om die ontvanger se gedrag te beïnvloed nie
- Deur geskenke van slegs nominale waarde aan mense met wie ons besigheid doen of wil doen, te gee
- Deur nooit geskenke van kontant of kontantekwivalente te gee nie

# Botsing van belange



- Deur geskenke of vermaak aan regeringsklante te gee slegs indien dit toegelaat word en deur die nakomingsafdeling vooraf goedgekeur is
- Deur vir 'n derde party se redelike reis- en verblyfuitgawes te betaal, in ooreenstemming met ons beleid, en slegs indien vooraf goedgekeur
- Deur te verseker dat alle geskenke, vermaak en reis wat gebied word, wettig en eties is en nie in stryd is met ons waardes nie

Ons vermy potensiële botsings oor die ontváng van geskenke en gasvryheid deur die volgende:

- Deur geskenke van slegs nominale waarde te aanvaar
- Nie-aanvaarding van geskenke van kontant of kontant-ekwivalente
- Deur nie reiskoste van derde partye te aanvaar nie
- Deur ons aanvaarding van vermaak te beperk tot atletiek-, teater- of kulturele gebeurtenisse (bv. sportgeleenthede, gholfuitstappies of konserte) of maaltye
- Deur vriendelik te weier om enige reisgeld, geskenke of vermaak te aanvaar wat teenstrydig is met ons [beleid oor geskenke en vermaak](#)

## DINK EERS

**V:** Ons span tender vir 'n groot kontrak, en ons verwag om baie binnekort die uitslag te hoor. Ek woon tans 'n kongres by en 'n belangrike besluitnemer van die voornemende klant sal ook daar wees. Mag ek hom vir aandete nooi om 'n gesprek oor Johnson Controls met hom te hê?

**A:** Dit word nie aanbeveel nie, want dit kan gesien word as 'n poging om die klant onbehoorlik te beïnvloed. Om integriteit voorop te stel beteken om dit vir klante maklik te maak om ons te kies danksy die gehalte van ons produkte en klantediens, en nie omdat ons hulle 'n waardevolle geskenk gegee het of gasvry ontvang het nie. Aangesien die klant se verkrygingsbesluit baie binnekort is, kan dit maklik geïnterpreteer word as 'n poging om die besigheidsbesluit onbehoorlik te beïnvloed – en dit is streng verbode. Dit is veral belangrik om tydens die tenderproses versigtig te wees. Indien u kontak nie 'n staatsamptenaar is nie, sou dit toepaslik wees om hom/haar vir koffie of tee te nooi om die verhouding te bou en om enige vrae te beantwoord wat die voornemende klant moontlik oor Johnson Controls het.

# Botsing van belange



## Korporatiewe geleenthede

Ons gebruik die kennis wat in die loop van ons werk opgedoen is, asook die maatskappy se hulpbronne en bates, om ons klante beter te kan help wen.

Ons vermy belangebotsings of skade aan ons besigheid deur nie:

- Besigheids- of beleggingsgeleenthede wat ons in die loop van ons werk ontdek, sélf te benut nie
- Johnson Controls se eiendom, inligting of ons posisie by die maatskappy vir onbehoorlike persoonlike wins te gebruik nie
- Direk of indirek met Johnson Controls mee te ding nie

## Buiteaktiwiteite

Ons probeer elke dag om te vermy dat eksterne werk of ander aktiwiteite ons bydrae tot Johnson Controls se besigheid verhinder.

Ons streef daarna om buite die werkplek volle, produktiewe lewens te lei, en nie:


- Toe te laat dat iets met ons verantwoordelikhede of prestasie by Johnson Controls inmeng nie
- Vir 'n mededinger of verskaffer te werk nie
- Risiko's te loop om die maatskappy se besigheid of reputasie te skaad nie
- Die maatskappy se hulpbronne vir buitebelange te gebruik nie (hulpbronne sluit in ander werknemers of verkopers)
- Enige ander soort belangebotsing te laat ontstaan nie

### DINK EERS

**V:** My onlangse ervaring van huisopknapping laat my vermoed dat ek 'n afgeleefde ou eiendom kan koop en dit teen 'n wins kan probeer verkoop – en dalk selfs 'n makelaarslisensie kan kry. Ek is verbind tot Johnson Controls en dink nie dat my belang in huisopknapping met my werk sal inmeng nie. Kan dit 'n probleem wees?

**A:** Ons wil graag hê dat ons mense volle, verrykende lewens buite die werkplek lei. Ons verwag egter van almal om elke dag hul volle aandag en beste werk vir Johnson Controls te gee. U sal moet bepaal of die aansienlike ekstra tyd wat opknapping en die verkoop van huise in beslag gaan neem, dit moeilik sal maak om 'n gepaste balans tussen persoonlike en werkverantwoordelikhede te handhaaf. Indien u vermoed dat dit moontlik 'n belangebotsing sou wees, moet u dit bekend maak by [ComplianceForms.jci.com](https://www.complianceforms.jci.com).

# Die hou van rekords en openbaarmaking



## Ons skep en handhaaf akkurate rekords en rekeninge

### HOE ONS WEN

Ons hou akkurate rekords en rekeninge om doeltreffend te kan werk en om nuttige inligting tydig te kan verskaf aan mense wat daarop moet staatmaak.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS


Aangesien Johnson Controls 'n genoteerde maatskappy is, moet ons akkurate finansiële rekords handhaaf en bekend maak. Behoorlike rekordhouding is nie net 'n wetlike verpligting nie, maar is ook noodsaaklik is vir doeltreffende, winsgewende besigheidsaktiwiteite. Ons speel almal 'n rol daarin om rekords akkuraat en aktueel te hou. Dit help ons om die vertrouensverhouding wat ons met klante, beleggers en ander belanghebbendes gebou het, te handhaaf.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons handhaaf akkurate rekords en rekeninge deur die volgende:

- Deur alle bates, laste, inkomste, uitgawes en besigheidstransaksies volledig, akkuraat, op die regte tyd en tydig aan te teken
- Deur te verseker dat rekords en rekeninge aan algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels asook ons interne kontrolestelsel voldoen
- Deur nooit geheime of onaangetekende kontantfondse of ander bates of laste op te stel nie
- Deur gepaste, akkurate bewoording te gebruik wanneer rekords geskep word
- Deur nooit dokumente of rekords wat aan ondersoek onderhewig is of moontlik in regsverrigtinge nodig is, te verberg of te vernietig nie
- Deur regsbewaringskennisgewings na te kom
- Deur maatskappyrekords te handhaaf en te vernietig in ooreenstemming met ons [rekordbehoud](#)- en inligtingbestuursprosedures

# Die hou van rekords en openbaarmaking



## DINK EERS

**Q:** Ek is bewus daarvan dat ons ons volgens ons beleid oor rekordbestuur sekere rekords na 'n bepaalde tyd moet vernietig. Ek bewaar egter al my rekords oor een spesifieke onderwerp, want ek onthou dat daar in die verlede probleme was om dokumente op te spoor. Is dit 'n goeie idee?

**A:** Nee, u moet ons beleid oor rekordbehoud en die skedules daarvan noulettend navolg. Hierdie beleide behels die maatskappy se regmatige vernietiging van verouderde rekords, en as u versuim om dit na te volg, kan dit die maatskappy blootstel aan aantygings van selektiewe vernietiging. Om rekords te lank te behou, kan ook ons bewaringstelsels oorlas en kan 'n risiko skep dat sensitiewe, vertroulike inligting bekend gemaak en misbruik word. Verder het ons moontlik wetlike verpligting om inligting wat nie meer nodig is nie, te vernietig (bv. persoonlike inligting of vertroulike inligting van 'n besigheidsvriend). As u rekords behou volgens ons gedefinieerde skedules, versterk u ons rekordbestuur-program en beskerm u die maatskappy.

# Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting

## Ons beskerm die maatskappy se bates

### HOE ONS WEN

Ons beskerm Johnson Controls se reputasie en ander bates want dit is die boustene van ons toekoms.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons fokus op die toekoms. Om dit wat ons vandag het, die beste te gebruik, stel ons in staat om môre te wen. Ons bates – eiendom, geld, inligting, idees en reputasie – maak ons werksaamhede moontlik, en stel ons in staat om geld in innovering en voortdurende verbetering te steek. Ons moet rentmeesters van hierdie bates wees en hulle gebruik om uitsonderlike klantervarings en volhoubare beleggerwaarde te skep.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons beskerm Johnson Controls se bates deur die volgende:

- Deur redelik na bates wat in ons beheer is, om te sien, om te verhoed dat dit verlore gaan, beskadig word, vernietig word, gesteel word om ongemagtigd gebruik word
- Deur waaksaam te wees om bedrog, vermorsing of misbruik van maatskappybates te voorkom
- Deur ons rekords en inligting te bestuur in ooreenstemming met die [beleid oor rekordbehoud](#) en ander maatskappybeleide
- Deur inligtingsekuriteit en gebruikerstoegangprotokolle na te volg wat die maatskappy stelsels en data beskerm teen ongemagtigde toegang, wysiging, duplisering, vernietiging of bekendmaking, hetsy per ongeluk of doelbewus
- Deur maatskappybates slegs vir besigheidsdoeleindes te gebruik, tensy 'n redelike, toevallige persoonlike gebruiksuitsondering geld
- [Deur enige kommer](#) oor die gebruik, misbruik of bedreiging van ons maatskappybates te rapporteer

### VERSKILLENDE BATES, DIESELFDE BEGINSEL

Maatskappybates kan baie vorms aanneem. Hoe ons dit beskerm, hang af van die bates en ons spesifieke rol. In alle gevalle geld dieselfde beginsel egter: **Wees versigtig en gebruik goeie oordeel.**

**Inligtingsbates:** Enige data oor ons produkte, besigheid of hoe ons ons werksaamhede uitvoer, ongeag hoe dit geskep, versprei, gebruik of bewaar word.

**Finansiële bates:** Geld en enigiets wat in geld omgeskakel kan word, soos aandele, effekte en bankdeposito's.

**Fisiese bates:** Enigiets tasbaars wat die maatskappy besit wat gebruik word om ons besigheid te bedryf (bv. fasiliteite, masjinerie, gereedskap, rekenaars, selfone, grondstowwe, voertuie, kantoortoerusting en voorraad).

**Ontasbare bates:** Ons reputasie, idees, uitvindings, intellektuele eiendom, ontwerpe, kopiereg, handelsmerke, patente en handelsgeheime. Hierdie bates dra by tot ons innovering en verbetering.

# Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting

Die volgende riglyne gaan oor 'n aantal belangrike gebiede waarop ons moet oppas en goeie oordeel moet gebruik.

## Om vertroulike besigheidsinligting en inligting in eiendomsbesit, te beskerm

Ons beskerm ons vertroulike besigheidsinligting en intellektuele eiendom want dit gee ons 'n voordeel in die mark.

Ons bring die toekoms nader en wen vir ons klante deur idees te ontwikkel en tegniese kundigheid te gebruik wat andere nie het nie. Ons vertroulike besigheidsinligting en intellektuele eiendom is belangrike besigheidsbates wat ons van mededingers onderskei. Ons moet dit teen ongemagtigde bekendmaking of misbruik beskerm.

Ons beskerm ons vertroulike inligting en inligting in eiendomsbesit deur die volgende:

- Deur hierdie inligting slegs met mense te deel wat gemagtig is en 'n besigheidsrede het om dit te moet weet
- Deur vertroulike sake nie te bespreek wanneer daar 'n risiko is dat ons afgeluister kan word nie
- Deur buite die werkplek te verseker dat dokumente en elektroniese toestelle nie vir andere sigbaar is nie
- Deur nooit vertroulike inligting vir ons eie persoonlike voordeel te gebruik of te gebruik om iemand buite Johnson Controls te bevoordeel nie
- Deur te onthou dat die verpligting om die maatskappy se vertroulike inligting te beskerm, voortduur nadat ons die maatskappy verlaat het

### DINK EERS

**V:** Gisteraand het ek aandete gehad met 'n ou skoolvriendin wat vir 'n plaaslike ingenieursfirma werk. Ons het daarvoor gesels dat ons albei trots is dat ons maatskappye op innovering gefokus om praktiese probleme op te los. Ek vertel toe vir haar van ons jongste produkte wat nog ontwikkel word, en hoe die produk klante se probleme sal oplos. Nou wonder ek of ek nie dalk te veel vertel het en die maatskappy se idees en eiendom moontlik in gevaar gestel het nie.

**A:** Jy is reg om bekommerd te wees. Hoewel u vriend nie 'n direkte mededinger is nie, is dit steeds belangrik om baie versigtig te wees wanneer u enige maatskappyinligting wat nie publiek bekend is nie, bekend te maak. Ons intellektuele eiendom, handelsgeheime en ander vertroulike idees en inligting is noodsaaklike bates waarvan ons mededingende voordeel afhanklik is. Indien u vermoed dat u per ongeluk niepublieke inligting oor die maatskappy se produkte bekend gemaak het, kontak die nakomingsafdeling of regsafdeling vir bystand.

# Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting

## HOE VERTROULIKE INLIGTING LYK

Voorbeelde van vertroulike besigheidsinligting sluit in:

- Handelsmerke, patente, handelsgeheime en ander intellektuele eiendom
- Niepublieke finansiële inligting of vooruitskattings
- Planne oor nuwe produkte of promosies
- Navorsing en ontwikkeling van idees of inligting
- Vervaardigingsprosesse
- Omvattende verkrygingsinligting
- Salarisinligting en ander persoonlike data
- Lyste werknemers en interne organisasiekaarte
- Inligting oor potensieële verkrygings, vervreemding en beleggings
- Regsmenings en werkprodukt
- Enige ander inligting wat vir mededingers nuttig kan wees

## Ons gebruik maatskappytegnologie en inligtingstelsels verantwoordelik

Ons gebruik Johnson Controls se tegnologie en inligtingstelsels verantwoordelik om doeltreffend te kan werk en ons besigheidsdoelwitte te behaal.

Om as één span vir ons klante te werk, sou onmoontlik wees sonder die stelsels en tegnologie waarop ons elke dag staatmaak. Skootrekenaars, mobiele toestelle, e-pos en die infrastruktuur wat dit ondersteun, stel ons in staat om produktiewer te werk, doeltreffender te kommunikeer en ons klante beter te bedien. Dit help ons om tydig die inligting wat ons nodig het om te innoveer en voortdurend te verbeter, te kry. Onvanpaste gebruik kan egter ons hulpbronne dreineer, ons sekuriteit in gevaar stel en ons handelsmerk en reputasie skaad.

Ons gebruik ons tegnologie en stelsels veilig en toepaslik deur die volgende:

- Deur slegs toegang tot die stelsel te verleen aan gemagtigde persone en slegs vir so lank as wat nodig is
- Deur aan gemagtigde gebruikers slegs toegang tot stelsels en data te gee wat nodig is om hul werk te verrig
- Deur wagwoorde te beskerm, hulle gereeld te verander, en dit nooit met andere te deel nie
- Deur vertroulike inligting weg van die internet te hou
- Deur nie ongeoorloofde sagteware af te laai of verdagte aanhegsels oop te maak nie
- Deur slegs gemagtigde persoonlike toestelle aan Johnson Controls se netwerke te koppel
- Deur stappe te doen om hardeware te beskerm teen verlies, skade of diefstal
- Deur nooit boodskappe te stuur met teisterende of aanstootlike inhoud nie
- Deur nie onvanpaste webwerwe te besoek nie
- Deur slegs redelike, toevallige persoonlike gebruik van die maatskappy se toerusting en stelsels te maak



# Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting

## Ons beskerm die maatskappy se reputasie

Dit is ons strewe om in alles wat ons doen 'n reputasie te hê van integriteit en klantgedrewe innovering.

Ons reputasie is een van ons waardevolste bates. Ons bou al meer as 130 jaar daaraan, maar ons kyk altyd na die toekoms. Elkeen van ons moet in ons daaglikse handeling en besluite besef dat ons verantwoordelik is om Johnson Controls se reputasie te beskerm. As ons met integriteit optree en ons waardes uitleef, sal ons voortgaan om die vertroue van ons werknemers, klante en besigheidsvennote te wen.

Ons beskerm ons reputasie deur die volgende:

- Deur ons kernwaardes uit te leef
- Deur altyd goeie besigheidsoordeel te gebruik
- Deur wonderlike ambassadeurs vir Johnson Controls te wees
- Deur te verseker dat ons besluite en gedrag die maatskappy se goeie naam onderhou

### ONS REPUTASIE

n Geskiedenis van 130 jaar is iets om oor trots te wees. Maar moet nooit vergeet dat reputasie bepaal word deur andere se mees onlangse ervaring met ons en hul verwagting van die volgende ervaring met ons nie.

## Ons voorkom bedrog

Ons verbintenis tot integriteit beteken dat ons waaksaam is om bedrog, vermorsing en misbruik te voorkom.

Daar is geen plek vir bedrog, vermorsing en misbruik by Johnson Controls nie. Ons verbintenis tot 'n kultuur van integriteit en vertroue is die veiligste manier om sulke misbruik te voorkom, en om dit te bespeur en te korrigeer wanneer dit plaasvind.

Ons voorkom bedrog, vermorsing en misbruik deur die volgende:

- Deur reis-, vermaak- en ander uitgawes volledig en akkuraat in ons boeke en rekords aan te teken. Raadpleeg die [wêreldwye beleid oor rapportering van besigheidsreise, vermaak en werknemeruitgawes](#).
- Deur finansiële transaksies behoorlik te klassifiseer en in rekening te bring
- Deur slegs vir dienste te faktureer wat ons binne die vereiste tyd kan verrig
- Deur afslag te gee wat ons belowe het

# Fisieke eiendom en bates, ons reputasie en ons vertroulike en eienaarsinligting

- Deur alle verkrygingsbeleide na te volg, en slegs goedere en dienste te bestel wat ons nodig het
- Deur nooit die maatskappy se kontant of kredietkaarte vir niebesigheidsdoeleindes te gebruik nie
- Deur vir verduideliking te vra as ons onseker is oor rekeningkundige prosedures of regsverpligtinge
- Deur kommer oor onvanpaste of verdagte aktiwiteite onmiddellik te rapporteer

## Ons beskerm ons fasiliteite

Ons hou ons fasiliteite en toerusting beveiligd en veilig teen skade, sodat ons altyd gereed is om ons klante te help wen.

Beveiligde fasiliteite bied 'n veilige, gemaklike omgewing vir ons mense en beskerm ons toerusting en materiaal teen skade, diefstal of industriële spioenasie.

Ons beveilig ons fasiliteite deur die volgende:

- Deur altyd ons maatskappykentekens te dra en seker se maak dat ander dit ook doen
- Deur nie deure deur middel van voorwerpe oop te hou of toe te laat dat andere ons deur veilige ingange volg nie
- Deur nooit ons sleutels, kentekens of alarmkodes aan enigiemand te gee nie
- Deur deure na kantore en voertuie te sluit
- Deur lekkasies, gebreke toerusting of ander onderhoudskwessies onmiddellik aan die bestuur te rapporteer
- Deur alle brandbeskermings- en veiligheidstoerusting gereelde te inspekteer en te toets
- Deur vinnig op alle alarms te reageer (selfs ná normale werksure)
- Deur te voorkom dat ongemagtigde persone by ons fasiliteite inkom, en deur die sekuriteitsafdeling te kontak indien daar 'n indringer is
- Deur Johnson Controls se Global Security Operations Center (GSOC) te kontak by +1 414 524 6700 of [gsoc@jci.com](mailto:gsoc@jci.com) in die geval van enige sekuriteitskommer of krisis wat 'n werklike of potensiële risiko vir enige van ons werknemers, fasiliteite of werksaamhede inhou
- Deur plaaslike wetstoepassers of nooddienste te bel as daar dreigende gevaar is

# Binnehandel en die misbruik van die effektemark



## Ons voorkom binnehandel

### HOE ONS WEN

Ons gebruik of maak nooit binne-inligting oor Johnson Controls of enige ander maatskappy bekend om op die aandelemark te verhandel nie.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

in die loop van ons werk kry ons soms toegang tot inligting oor Johnson Controls of ander maatskappye wat vir beleggers potensieel nuttig kan wees. Om integriteit voorop te stel beteken om te wys dat daar altyd op ons staatgemaak kan word om inligting wat aan ons toevertrou is, te beskerm. "Binne"-inligting is inligting wat vir 'n belegger belangrik sou wees om 'n beleggingsbesluit te neem. Dit staan ook bekend as wesenlike, niepublieke inligting. Om sulke inligting vir ons eie voordeel te gebruik of om dit tot voordeel van andere bekend te maak, word as binnehandel beskou. Dit is onwettig, want dit gee onregverdigde voordeel en verdraai die finansiële markte. Wette oor binnehandel word baie streng afdedwing. Dit omvat dikwels boetes en gevangenisstraf vir mense wat skuldig bevind word.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons voorkom binnehandel deur die volgende:

- Deur nooit binne-inligting te gebruik om aandele in Johnson Controls of enige ander genoteerde maatskappy te verhandel nie, tensy en totdat sulke inligting bekend gemaak is en die mark kans gehad het om dit te verwerk
- Deur nie binne-inligting met enigiemand buite die maatskappy te deel nie (insluitend gesinslede, familie of vriende)
- Deur binne-inligting slegs aan kollegas bekend te maak indien hulle dit nodig het
- Deur op te pas om binne-inligting teen toevallige bekendmaking te beskerm, deur versigtig te wees met maatskappy-dokumente en om oordeelkundig in publieke ruimtes te praat
- Deur wenkgee te vermy – m.a.w. om wesenlike, niepublieke inligting oor enige maatskappy aan enigiemand bekend te maak wat moontlik iets kan verhandel terwyl hulle van sulke inligting bewus is

### DINK EERS

**V:** My oom se beleggings het nooit herstel ná wêreldwye finansiële krisis nie, en ek weet hy sukkel om vir sy kinders se skoolgeld te betaal. Hy het gevra of hy Johnson Controls-aandele moet koop. My gevoel is dat dit hom baie sou help, veral aangesien ons binnekort produkte bekend gaan stel wat die aandeelprys sal laat styg. Mag ek hom van die nuwe produkte vertel, of aanbeveel dat hy aandele koop?

**A:** Absoluut nie. Inligting oor komende produkte is wesenlike, niepublieke inligting wat vir u oom 'n onregverdigde handelsvoordeel kan gee. Om daardie inligting bekend te maak, sou onwettig wees. Vertel vir hom dat u by Johnson Controls werk en dat u daarom nie inligting mag gee wat enigiemand kan aanmoedig of ontmoedig om aandele te koop nie. Verwys hom na die [Investig Relations](#)-afdeling van ons webwerf of stel voor dat hy die beleggerverhoudingsafdeling kontak as hy spesifieke vrae het.

# Verantwoordelike kommunikasie



## Ons bou vertrouwe en reputasie deur verantwoordelike kommunikasie

### HOE ONS WEN

Ons versterk ons handelsmerk en belanghebberverhoudings deur deurdagte, akkurate, konsekwente kommunikasie en verantwoordelike interaksie op sosiale media.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons kommunikeer na waarheid, akkuraat en konsekwent met klante, beleggers en ander belanghebbers. Dit is noodsaaklik om 'n besigheid te bou wat gegrond is op vertrouwe, langtermyn-verhoudings en gemeenskaplike waarde, in plaas van blote transaksies. Ons onthou dat ons almal ambassadeurs is vir die Johnson Controls-handelsmerk. Ons spreek ons waarde in die mark uit en handhaaf ons reputasie deur sosiale media verantwoordelik te gebruik en deur kollegas wat magtiging het, die eksterne navrae te laat hanteer.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons versterk ons handelsmerk en verhoudings deur die volgende:

- Deur ons [kommunikasiebeleid](#) na te volg wanneer ons eksterne navrae hanteer of op sosiale media betrokke raak
- Deur slegs inligting namens Johnson Controls te kommunikeer indien ons daartoe gemagtig is
- Deur hoflik en professioneel in ons aanlyn uitlatings op te tree
- Deur te onthou dat ons aanlyn aktiwiteit, selfs buite die werkplek, vir Johnson Controls kan help of skaad
- Deur ons menings duidelik as ons eie te identifiseer, tensy ons gemagtig is om namens Johnson Controls te praat
- Deur nooit vertroulike inligting of inligting in eiendomsbesit bekend te maak nie (bv. oor ons maatskappy, klante of ander besigheidsvennote)
- Deur nie interne werknemerkommunikasie bekend te maak nie (bv. algemene e-posse of portaalrapporte)
- Deur nooit onwettige inhoud te plaas of iets te plaas wat redelikerwys andere beledig of bedreig kan laat voel nie
- Deur nie toe te laat dat sosialemedia-aktiwiteite met ons werkverantwoordelikhede by Johnson Controls inmeng nie

# Verantwoordelike kommunikasie



## DINK EERS

**V:** Ek volg een van my kollegas op sosiale media. Soms plaas hy inhoud wat na die maatskappy se leierskap op 'n negatiewe manier verwys. Sy profiel identifiseer homself duidelik as 'n Johnson Controls-werknemer. Ek weet hy het die reg het om sy persoonlike mening openlik uit te druk, maar iets voel vir my nie reg nie. Skend hy enige van ons beleide of riglyne?

**A:** Nee, u kollega skend nie enige van ons beleide of riglyne nie. Hy mag sy persoonlike opinie oor die maatskappy uitspreek, maar dit kan dalk beter wees om dit op 'n minder publieke plek te doen. Sosiale media bied nuwe, verreikende maniere om te kommunikeer, maar die beginsels van goeie oordeel geld net soos by tradisionele kommunikasie. Werknemers moenie hul menings voorstel as dié van die maatskappy nie, tensy hulle gemagtig is om dit te doen. Hulle moenie vertroulike, niepublieke inligting bekend maak nie. Hulle moenie dinge sê wat kwetsend of teen die wet is nie.

## ONS VERBIND, KOMMUNIKEER EN LEER DEUR SOSIALE MEDIA

Sosiale media is 'n kragtige hulpmiddel wat Johnson Controls in 'n kits aan ons klante, gemeenskappe en belanghebbers van reg oor die wêreld verbind. Daardeur kan ons ons verhoudings versterk en aan ons handelsmerk bou. Baie van ons gebruik sosiale media in ons persoonlike lewens, om op hoogte van sake te bly en met familie en vriende in kontak te bly. Ons kan die risiko dat iets verkeerd vertolk word of buite konteks gelees word, beperk deur oordeelkundig te wees oor ons aanlyn teenwoordigheid, en na te dink oor dinge wat ons plaas.



WAARDES EERSTE EN  
OM TE WEN MET  
ONS VERSKAFFERS

# Aankope



## Ons kies ons verskaffers verantwoordelik

### HOE ONS WEN

Ons kies ons verskaffers regverdig en objektief sodat ons die beste kans kry om met ons kliënte te wen.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons wil graag betekenisvolle, langtermyn-verhoudings met verskaffers bou, op grond van wedersydse voordeel en vertroue. Sulke verhoudings help ons om in die mark te wen en uitsonderlike klantervarings en oplossings te bied. Ons wil verskaffers hê wat ons verbintenis tot integriteit en samewerking deel. Wanneer dit vir verskaffers voel dat hulle belangrik is vir ons klante se sukses, dan wen hulle wanneer ons klante wen.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons bestuur verkryging verantwoordelik deur die volgende:

- Deur alle huidige en potensiële verskaffers billik en met integriteit te behandel, ongeag die transaksiewaarde of duurte van die verhouding
- Deur besigheid te probeer doen met verskaffers wat die beste aan ons behoeftes voldoen en ons waardes deel
- Deur aan wetlike vereistes te voldoen (bv. die VSA se Procurement Integrity Act en Foreign Corrupt Practices Act)
- Deur geskikte noulettendheidsondersoeke oor potensiële verskaffers uit te voer om te verseker dat hulle gekwalifiseerd en betroubaar is
- Om keuses te maak op grond van duidelike prestasie-metings, bv. kwaliteit, prys, diens, betroubaarheid, beskikbaarheid, tegniese uitnemendheid, leweringstyd en etiese besigheidspraktyke
- Deur 'n diverse, inklusiewe verskaffingsbasis te bevorder
- Deur enige belangebotsings of die voorkoms daarvan te vermy, deur nie verskaffer te kies op grond van vriendskappe of familieverhoudings nie
- Deur nie geskenke, vermaak of enige soort voortrekery te aanvaar wat met die keuse van die beste vennote vir Johnson Controls kan inmeng nie

# Die voorkoming van misbruik in die verskaffingsketting



## Ons respekteer en beskerm menseregte

### HOE ONS WEN

Ons werk hard om 'n etiese verskafferketting te handhaaf deur slegs met besigheidsvennote te werk wat mense se regte oral waardeer en eerbiedig.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons word gelei deur ons doelwit. Hieronder tel 'n verbintenis om die regte van mense reg oor die wêreld te respekteer en te beskerm. Ons glo dat die sleutel tot 'n voorspoedige toekoms is om mense behoorlik te ondersteun. Daarom is ons verbind tot 'n etiese, deursigtige verskafferketting wat vry is van kinderarbeid, dwangarbeid, slawerny en mensehandel.

Ons was een van die eerste ondertekenaars van die Verenigde Nasies se Global Compact, en ons sien die verband tussen menseregte en volhoubare waarde wat vir die samelewing voordelig kan wees.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Dit is ons strewe om menseregte in al ons werksaamhede en die hele verskafferketting te respekteer en te beskerm deur die volgende:

- Deur veilige, gesonde werksomstandighede by alle Johnson Controls-fasiliteite te bied
- Deur werknemers se reg om hulself te organiseer en gesamentlik te onderhandel, te respekteer, en nooit teen hul verteenwoordigers te diskrimineer nie
- Deur billik in die mark te wees, en aan alle wetlike vereistes met oor vergoeding te voldoen of dit te oorskry
- Deur werknemers toe te laat om slegs soveel uur te werk as wat plaaslike wetgewing toelaat
- Deur gepaste noulettendheidsondersoeke oor potensiële besigheidsvennote te doen, en deur verkrygingsbeleide na te kom by die keuse van nuwe verkopers (deur diegene te verkies wat nie menseregte skend nie)
- Deur van verskaffers en verkopers te vereis dat hulle aan ons [wêreldwye verskafferstandaarde voldoen](#)
- Deur aan besigheidsvennote opdrag te gee om nie konflikminerale te koop of te gebruik nie
- Deur enige menseregte-kommer aan te meld by die regsafdeling of die [integriteitshulplyn](#)

Vir verdere leiding oor die respek en beskerming van menseregte, lees ons beleid oor [menseregte en volhoubaarheid](#), [slawerny en mensehandel](#), [verskafferdiversiteit](#) en [konflikminerale](#).

### OM MENSE VOOROP TE STEL: DIS ALMAL VERBIND

Menseregte gaan oor meer as net om ons verskafferketting dop te hou. Dit gaan oor hoe mense verdien om in die werkplek, in die mark en in ons gemeenskappe behandel te word.

Ons erken die positiewe impak wat ons as 'n wêreldwye kan hê. Ons verbintenis op hierdie gebied word weerspieël in ons [beleid oor menseregte en volhoubaarheid](#). Die beleid erken baie van die kwessies oor menseregte, insluitend:

- Veiligheid en gesondheid
- Werkstoestande
- Omkoperij en korrupsie
- Respek vir die omgewing
- Gesonde bestuur
- Deursigtige rapportering en aanspreeklikheid



# Die voorkoming van misbruik in die verskaffingsketting



## DINK EERS

**V:** Ek was onlangs by 'n belangrike verskaffer se fasiliteit in 'n ontwikkelende land. Sommige van die werkers lyk vir my baie jonk. Dit was twee lang dae, en ek onthou dieselfde gesigte vroeg in die oggend en laat in die aand. Ek weet kinderarbeid en werksureskendings is 'n probleem in hierdie deel van die wêreld. Hierdie verskaffer het 'n goeie reputasie en verseker ons dat hulle alle toepaslike arbeidswette navolg. Is dit my verantwoordelikheid om my kommer bekend te maak, of die saak te verwys?

**A:** Johnson Controls is 'n ondertekenaar van die VN se Global Compact en is 'n voorstander van menseregte oor die algemeen, en daarom duld ons nie die indiensneming van kinders of ander arbeidsmisbruik nie. Indien u vermoed dat daar dalk arbeids- of menseregteskendings by een van ons verskaffers bestaan, moet u u kommer aan die bestuur, nakomingsafdeling of die [integriteitshulplyn](#) bekend maak sodat dit ondersoek kan word.

# Verskaffersverwagtinge



## Ons bevorder ons wêreldwye verskafferstandaarde

### HOE ONS WEN

Ons verwag van ons verskaffers dat hulle dieselfde hoë standaard handhaaf as onself – en altyd met integriteit.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons glo daarin dat ons met integriteit moet optree, respek moet toon en ons verpligtinge moet nakom. Ons verwag presies dieselfde van almal wat met ons wil besigheid doen. Ons [wêreldwye verskafferstandaarde](#) sit hierdie verwagtinge uiteen. Ons verskaffers moet van hierdie standaard bewus wees en dit navolg om te verseker dat hulle op 'n etiese, verantwoordelik wyse met ons saamwerk en help om Johnson Controls se reputasie te behou.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons handhaaf hoë standaard en etiese gedrag in ons verskafferketting deur die volgende:

- Deur duidelik te wees teenoor verskaffers oor ons vereistes, m.a.w. wat ons verlang en hoe dit gelewer moet word
- Deur deursigtig en regverdig te onderhandel
- Deur te verseker dat ooreengekome bepalings volledig en akkuraat vasgelê word in kontrakte, bestellings en ander dokumente
- Deur ons waardes en filosofie van besigheid doen duidelik te stel en dit in ons kontrakte te laat weerspieël
- Deur ons [wêreldwye verskafferstandaarde](#) konsekwent in alle verskaffersverhoudings toe te pas
- Deur aan verskaffers hulpbronne en bykomende leiding te gee met verduideliking oor verwagtinge



WAARDES EERSTE EN  
OM TE WEN MET  
ONS GEMEENSCHAPPE

# Volhoubaarheid en omgewingsverantwoordelikehede



## Ons doen besigheid volhoubaar en op 'n omgewingsgesonde manier

### HOE ONSE WEN

Ons bou 'n verbintenis tot 'n volhoubare wêreld by ons produkte, dienste en daaglikse werksaamhede in.

### HOEKOM ONSE WAARDES EERSTE PLAAS

Ons glo dat Johnson Controls se doel is om die wêreld veilig, gerieflik en volhoubaar te maak. Ons fokus op die toekoms en op die positiewe impak wat ons vandag kan hê. Die wêreld is interafhanklik, en daarom is dit net so belangrik om ons werksaamhede se omgewingsimpak beperk as om slim omgewings en energieoplossings te ontwikkel. Dit maak ons 'n beter vennoot vir ons gemeenskappe en ons klante.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons wys ons verbintenis tot volhoubare oplossings en bedrywighede deur die volgende:

- Deur volhoubaarheid 'n belangrike oorweging in produkontwerp te maak
- Deur geleenthede te identifiseer om ons omgewingsvoetspoor sonder om bedryfsdoeltreffendheid te verloor
- Deur aktief met belanghebbers om te gaan oor omgewingskwessies
- Deur aan alle wetlike, regulerende of permitvereistes te voldoen of dit te oorskry
- Deur Johnson Controls Manufacturing System (JCMS) se wêreldwye standaarde en beste praktyk by ons werksaamhede reg oor die wêreld toe te pas
- Deur geleenthede te vind om energie, water en ander natuurlike hulpbronne te bewaar
- Deur afval en afvalwater veilig en voldoende te bestuur
- Deur enige ongelukke, insluitend stortings, lekkasies of ongemagtigde aflating tydig by die bestuur te rapporteer en daaraan aandag te gee
- Deur daaglikse persoonlike aksie te onderneem om hulpbronne te verminder, hergebruik en herwin

# Gemeenskapsbetrokkenheid en belegging



## Ons dra by tot ons gemeenskappe

### HOE ONS WEN

Ons is trots daarop om 'n positiewe impak te maak in die gemeenskappe waarin ons leef en werk.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons by Johnson Controls meen dat ons 'n verantwoordelike het en 'n geleentheid het om gemeenskappe waarin ons werk, te ondersteun. Ons is verantwoordelike, aktiewe korporatiewe burgers, en wil hê dat gemeenskappe uit ons teenwoordigheid en ondersteuning voordeel trek. Ons verwag dat alle werknemers 'n verskil sal maak deur vrywilligerswerk en liefdadighedsaktiwiteite. Ons doel is nie net om ondersteuning te bied nie, maar ook om deel te neem aan ons gemeenskappe.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Dit is ons strewe om 'n positiewe bydrae in ons gemeenskappe te lewer deur die volgende:

- Deur ons rol as verantwoordelike voorkeurwerkgever en verbruiker van plaaslike dienste te verbeter
- Deur werknemers se pogings in vrywilligerswerk, mentorskap en liefdadighedswerk aan te moedig en te erken
- Deur "terug te gee" omdat dit die regte ding is om te doen en nie omdat ons verwag publisiteit of gunste verwag nie
- Om andere uit te nodig maar nie te dwing nie om tot liefdadighedsorganisasies of ander gemeenskapsake by te dra
- Deur behoorlike goedkeuring te kry voordat ons donasies van tyd of geld in die maatskappy se naam maak, insluitend ons [beleid oor borgskap van liefdadighedsbydraes en liefdadighedsgebeurtenisse](#)
- Deur te bevestig dat enige liefdadighedsorganisasie waarby ons betrokke raak, wettig is en aan die toepaslike wette voldoen

### DINK EERS

**V:** Ek doen gereeld vrywilligerswerk by die plaaslike padvindere. Aangesien Johnson Controls gemeenskapsbetrokkenheid en vrywilligerswerk ondersteun, wonder ek of ek my dienste namens die maatskappy mag aanbied.

**A:** Johnson Controls moedig betrokkenheid by ons plaaslike gemeenskappe aan. Dit is nie ongewoon dat ons werknemers die maatskappy by sekere gemeenskapsgebeurtenisse verteenwoordig nie. U moet egter altyd eers toestemming van die publiekesake-afdeling kry voordat u uself in die gemeenskap voordoer as 'n Johnson Controls-verteenwoordiger.

# Politieke aktiwiteit en stemming maak



## Ons neem deel aan politieke proses

### HOE ONS WEN

Ons ondersteun 'n billike politieke proses, doen voorspraak vir ons besigheidsbeleid en moedig ons werknemers aan om aktief betrokke te wees.

### HOEKOM ONS WAARDES EERSTE PLAAS

Ons glo dat aktiewe deelname aan 'n regverdige politieke proses 'n gesonder samelewing bevorder. As maatskappy praat ons met beleidsmakers oor kwessies en kommer wat vir ons besigheid en ons klante belangrik is. Ons moedig werknemers aan om plaaslik aan politiek deel te neem. Johnson Controls perk egter die gebruik van maatskappyhulpbronne om politieke kandidate te ondersteun, oor die algemeen in. Die maatskappy se Political Action Committee (PAC) word befonds deur werknemers se vrywillige bydraes, en ondersteun kandidate in die VSA wat dit eens is met die maatskappy se beleidsposisie.

### HOE DIT LYK OM TE WEN

Ons neem verantwoordelikheid in politieke prosesse deur die volgende:

- Deur individuele werknemers aan te moedig om aan politiek deel te neem en te stem, maar met hul eie tyd en geld
- Deur geskikte werknemers aan te moedig om vrywillig by te dra tot die Johnson Controls PAC
- Deur nie Johnson Controls se naam te gebruik om 'n spesifieke politieke party te bevorder nie
- Deur nooit te probeer om enige regeringsagentskap, verteenwoordiger of wetgewer onbehoorlik te beïnvloed nie
- Deur verkieslik nie maatskappyhulpbronne te gebruik om politieke kandidate of verkose beamptes te ondersteun nie
- Deur aan alle toepaslike wette, voorspraak- en bekendmaking-vereistes te voldoen, asook ons

[Beleid ten opsigte van politieke bydraes](#)

### DINK EERS

**V:** Ek werk tans as vrywilliger by vir 'n plaaslike politikus wat stemme werf. Ek is gevra om 'n banier te maak vir 'n komende veldtoggebeurtenis, en ek het 'n groot werkruimte nodig om dit te voltooi. Ek sou graag ons kantoor se konferensiekamer daarvoor wil gebruik. Ek sal slegs my eie materiaal gebruik en net aan die banier werk nadat my dag se werk vir Johnson Controls klaar is. Ek sal ook seker maak dat niemand anders die kamer vir maatskappybesigheid nodig het nie. Word dit toegelaat?

**A:** Johnson Controls respekteer almal se reg om by politieke proses betrokke te wees. Ons is trots as ons werknemers hul tyd en geld vrywillig gee om hul politieke oortuigings en voorkeurkandidate te ondersteun. Johnson Controls laat egter nie toe dat die maatskappy se hulpbronne (insluitend kantoorkamers) gebruik word om 'n spesifieke kandidaat te ondersteun nie. Ons moet voorkom dat dit lyk of ons spesifieke politici of politieke partye bevorder. Die gebruik van die konferensiekamer sal dus nie toegelaat word nie.



## WAARDES EERSTE TEN SLOTTE...

Die etiese kode is bedoel as bron van inspirasie en leiding vir almal van ons wat saamwerk om 'n geriefliker, veiliger en volhoubaarder wêreld te bou. Dit wys hoe om ons waardes in werking te stel terwyl ons geleentede probeer benut en risiko's probeer beperk. Die kode dek nie elke moontlike situasie nie. Dit is belangrik om vrae te vra wanneer ons onseker is oor wat om te doen, en dit is noodsaaklik dat ons enige kommer wat ons het, rapporteer. Die kode bevat 'n verskeidenheid van hulpbronne en kanale om ons te help om dit te doen.



@johnsoncontrols  
[www.johnsoncontrols.com](http://www.johnsoncontrols.com)

